



**GAUTENG PROVINCE**

EDUCATION  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
PROVINSIALE EKSAMEN  
NOVEMBER 2021  
GRAAD 9**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE  
DIE EKONOMIE EN ENTREPRENEURSKAP  
(VRAESTEL 2)**

**TYD: 1 uur**

**PUNTE: 80**

**12 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hierdie vraestel bestaan uit Afdeling A, B en C en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-wysigingsdokument.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

VRAAG 1.1:	Meervoudigekeuse-vrae	(10)
VRAAG 1.2:	Positiefs	(5)
VRAAG 1.3:	Waar of Vals	(5)
		<b>[20]</b>

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

VRAAG 2:	Ekonomiese stelsels	(8)
VRAAG 3:	Ekonomiese kringloop	(12)
VRAAG 4:	Prysteorie	(10)
		<b>[30]</b>

**AFDELING C: ENTREPRENEURSHIP**

VRAAG 5:	Sektore van die Ekonomie	(8)
VRAAG 6:	Ondernemingsfunksies	(9)
VRAAG 7:	Besigheidsplan	(13)
		<b>[30]</b>

1. Alle vrae is verpligtend.
2. Antwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
3. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE****VRAAG 1****1.1 MULTIPLE-CHOICE QUESTIONS**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1. – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK verskaf.

1.1.1 'n Land wat nie invoer of uitvoer na of van ander lande, staan bekend as 'n ...

- A globale ekonomie.
- B gemengde markeconomie.
- C geslote ekonomie.
- D gop ekonomie. (2)

1.1.2 Watter van die volgende faktore sal die aanbod van goedere en dienste verhoog?

- A Wanneer die prys van 'n produk hoog is
- B Gebruik masjiene om goedere te produseer
- C Meer ondernemings produseer dieselfde produk
- D Al die bogenoemde (2)

1.1.3 Watter van die volgende ondernemings kan gevind word in die tersiêre sektor?

- (i) Pick n Pay
- (ii) Coca Cola fabriek
- (iii) Nedbank
- (iv) Galaxy Goud Ontginning
- A Slegs (i)
- B Slegs (iv)
- C (i) en (iii)
- D Al die bogenoemde (2)

1.1.4 Vakbonde mag nie ...

- A advies en regshulp aan werkers verskaf
- B help om arbeidsgeskille tussen werkers en werkgewers op te los.
- C beskermende stakings reël nie.
- D enige iemand dwing om aan te sluit by 'n vakbond nie. (2)

1.1.5 Watter van die volgende vorm nie deel van die ondernemingsfunksies nie?

- A Beplanning
- B Produksie
- C Aankope
- D Openbare betrekkinge (2)

**[10]****b.o.**

## 1.2 PASITEMS

Kies 'n term in Kolom B wat ooreenstem met 'n beskrywing in Kolom A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.2.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die vloei van goedere en dienste, geld en mense tussen lande.	A	Teikenmark
		B	Staking
1.2.2	Besonderhede oor hoe die besigheid beplan om hul produk te adverteer.	C	Primêre sektor
		D	Globalisering
1.2.3	Vakbonde onderhandel oor werkers se regte met werkgewers.	E	Kollektiewe bedinging
		F	Openbare betrekkinge
1.2.4	Gee die besigheid positiewe publisiteit	G	Bemarkingsplan
1.2.5	Speel 'n groot rol in die ekonomie van 'n ontwikkelende land		

(5 x 1)

**[5]**

## 1.3 WAAR OF VALS

Dui aan of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs Waar of Vals langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is bv. 1.3.6 Waar

- 1.3.1 Die aankoopfunksie het ten doel om hulpbronne teen die beste pryse van die beste verskaffer te vind. (1)
- 1.3.2 Daar is 'n positiewe verhouding tussen prys en vraag. (1)
- 1.3.3 Tersiêre sektor werkseleenthede benodig slegs geskoolde werkers en hoogs gekwalifiseerde professionele persone. (1)
- 1.3.4 Die ekonomiese stelsel van Suid-Afrika het 'n balans tussen 'n vrye mark en 'n beplande ekonomie. (1)
- 1.3.5 Die visiestelling van 'n onderneming bepaal wat die besigheid beoog om op medium- of lang termyn te bereik. (1)

**[5]****TOTAAL AFDELING A: [20]**

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**
**VRAAG 2: EKONOMIESE STELSLS**

2.1 Verwys na die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Cartoonstock.com 1]

2.1.1 Identifiseer die ekonomiese stelsel in die bostaande spotprent. (1)

2.1.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.1.1. (2)

2.2 Elkeen van die volgende stellings is verteenwoordigend van 'n ekonomiese stelsel. Klassifiseer elkeen volgens die volgende tabel.

**Skryf die volledige stelling in die regte kolom in jou ANTWOORDBOEK.**

Beplande ekonomie	Markeconomie	Gemengde markeconomie

2.2.1 Romerige Oliebolle se doel is om wins te maak.

2.2.2 Mnr. en Mev. Smith mag nie eiendom besit nie.


2.2.3 Regerings voorsien en entrepreneurs produseer. (3)

2.3 Bespreek EEN nadeel van globalisering. (2)

**[8]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE KRINGLOOP**

Bestudeer die volgende vloeiagram



[Aangepas uit provinsiale lesplanne]

- 3.1 Identifiseer die ekonomiese deelnemers, **A** en **B**, in die bostaande diagram. (2)
- 3.2 3.2.1 Bespreek die rol tussen die regering en huishoudings soos aangedui in die bostaande diagram. (2)
- 3.2.2 Huishoudings betaal belasting direk of indirek aan die regering.  
 Gee TWEE voorbeelde van belasting wat deur huishoudings aan die regering betaal word. (2)
- 3.3 Voltooi die ontbrekende inligting in die volgende tabel. Voltooi die tabel in jou ANTWOORDBOEK.

Produksiefaktor	Vergoeding
Kapitaal	
	Wins
	Huur
Arbeid	

- 3.4 **Jou huishouding neem deel aan die vloei van geld asook goedere en dienste.**

Formuleer 'n transaksie wat die vloei tussen die "Goederemark" en "Huishouding" sal beskryf waarin jy of jou familie deelneem in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)

**[12]**

**VRAAG 4: PRYSTEORIE**

4.1 Definieer die “Wet van Vraag” (2)

4.2



[Bron: pricecheck.co.za]

Die volgende tabel verteenwoordig die vraag en aanbod na blou weggoibare maskers.

Prys ( R )	Hoeveelheid gevra	Hoeveelheid aangebied
150	100	900
125	300	700
100	500	500
75	700	300
50	900	100

4.2.1 Gebruik die bostaande skedule om die vraag- en aanbod kurwe op dieselfde assestelsel te teken. (Benoem die asse, grafiek en ewewigspunt duidelik). (5)

4.2.2 Identifiseer die ewewigsprys. (1)

4.3 Voltooi die volgende sin deur die ontbrekende woorde in te vul:

Die Wet van Aanbod dui aan dat die prys sal toeneem as die hoeveelheid aangebied \_\_\_\_\_. Dus is daar 'n \_\_\_\_\_ verhouding tussen prys en die hoeveelheid aangebied. (2 x 1) (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: ENTREPRENEURSKAP**
**VRAAG 5: SEKTORE VAN DIE EKONOMIE**

Bestudeer die volgende prentjies voordat jy die vrae beantwoord.



[www.pinterest.com 1]



[medicalimages.com 1]



[checkers.co.za 1]

- 5.1 Bespreek kortliks die interverwante verhouding tussen die drie sektore gedurende die produksie van visvingers. (6)
- 5.2 Verduidelik die woord "herwinning", as een van die moontlikhede in die volhoubare gebruik van hulpbronne. (2)

[8]



## VRAAG 6: ONDERNEMINGSFUNKSIES

Lees die volgende uittreksel voordat jy die vrae beantwoord.

Thabo Dlamini is die eienaar van Fashion Stars, 'n groot onderneming wat klere en ander bykomstighede aan tieners verkoop. Die onderneming besit 'n fabriek waar die items vervaardig word. Hulle verkoop hulle produkte in 'n besige winkelsentrum. Die volgende mense is verantwoordelik vir die verskillende ondernemingsfunksies:

- Maria ontwerp die produkte en beheer die kwaliteit van die klere wat geproduseer word.
- Siphon identifiseer die teikenmark deur vraelyste.
- Tasneem verskaf opleiding aan werknemers en betaal die lone en salarisse.
- John bestuur die onderneming se finansies.  
Weens 'n tekort aan personeel het hy onlangs ook die pligte van die algemene bestuurder oorgeneem. Thabo wil hom amptelik in daardie posisie aanstel.
- Nomsa organiseer en bestuur alle liefdadigheidsgeleenthede namens die onderneming.
- Komello is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat die bates van die onderneming veilig is.
- Seema maak seker dat daar altyd genoeg voorraad beskikbaar is vir produksie.

6.1 Identifiseer die persoon wat verantwoordelik is vir elk van die volgende ondernemingsfunksies.

Skryf slegs die naam van die persoon wat verantwoordelik is vir die ondernemingsfunksie neer in jou ANTWOORDBOEK.

6.1.1 Menslike hulpbronne funksie.

6.1.2 Produksiefunksie.

6.1.3 Aankopefunksie.

6.1.4 Bemarkingsfunksie.

6.1.5 Risikobestuurfunksie

(5)

6.2 Thabo glo dat John die posisie van "Algemene Bestuurder" verdien. Motiveer hoekom jy dink dat hy geskik sal wees vir die posisie.

(2)

6.3 Verduidelik EEN aspek waarop die finansiële funksie sal konsentreer.

(2)

**[9]**

## VRAAG 7: BESIGHEIDSPLAN

7.1 Verwys na die volgende prentjie.



[<https://swwm.info> 1]

- 7.1.1 Verduidelik hoekom dit belangrik is om 'n besigheidsplan op te stel. (2)
- 7.1.2 Differensieer tussen vaste koste en veranderlike koste en gee 'n voorbeeld van elk. (4)

7.2 Lees die volgende gevallestudie voordat jy die vrae beantwoord.

### "In die Lab" Met Sjef Jazzi – 'n Resep vir Sukses en hoe om Veilig te wees tydens die COVID-19 Krisis.

Matthew Hobson - April 6, 2020 – Gepubliseer In Entrepreneurskap, Leierskap



"Ek het net sopas 'n kulinêre besigheid begin. Ek kook en verkoop kos by basketbalwedstryde en by die plaaslike haarkapper in die gemeenskap", verduidelik Jazzi Pridgen, 'n 15-jarige hoërskoolstudent van Baltimore.

Sjef Jazzi praat oor inspirasie, uitdagings, wat dit verg om 'n suksesvolle jong entrepreneur te wees, en wat sy tydens die COVID-19-pandemie doen.

My spysenieringsonderneming, Jazzi's Kitchen, is tydelik gesluit. Ek moes verskeie geleenthede kanselleer, maar ek is hoopvol dat dinge binnekort sal terugkeer na normaal. Ek het op 'n baie jong ouderdom, ongeveer nege jaar oud, daarin begin belanggestel om te kook. Dit was iets waarvoor ek altyd lief was om om te doen omdat ek daarmee groot geword het. Ek kom uit 'n groot familie, so ons kan nie elke dag uiteet nie. In plaas daarvan, het my ma groot maaltye gekook. Ek het uiteindelik verstaan dat aangesien ek nie regtig iets na skool of na sportoefening doen nie, hoekom help ek haar nie? Ek het al die kennis wat ek kon ingedrink – en dit gebruik.

Die moeilikste ding om 'n besigheid op 'n jong ouderdom te bestuur, is om die tyd te vind om skool toe te gaan, sport te doen en steeds die besigheid te bedryf. Ek doen navorsing en probeer nuwe resepte. Ek doen ook baie besigheidsdinge oor die naweke, soos spyseniering en kits-stalletjies.

Ek wil my besigheid ten volle uitbrei. Eendag wil ek graag 'n restaurant besit of as 'n reisende sjef werk.

Ek mag jonk wees, maar ek is baie betroubaar. Ek is iemand op wie jy kan reken. En wanneer dit kom by kosmaak – jy sal meer as tevrede wees! Tot dan, bly positief, bly by die huis, en bly veilig."

[Aangehaal en Aangepas uit:

<https://iyfglobal.org/blog/lab-chef-jazzi-recipe-success-and-safety-during-covid-crisis>]

- 7.2.1 Maak gebruik van die bostaande gevallestudie om die volgende SSGB-analise vir Sjef Jazzi te voltooi. Verskaf EEN sterkpunt en EEN swakpunt volgens die gevallestudie.

<b>Sterkpunte:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>•</li> </ul>	<b>Swakpunte:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Om tyd te vind om skool by te woon, aan sport deel te neem en haar besigheid te bedryf.</li> </ul>
<b>Geleenthede:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy doen spyseniering en kits-stalletjies op naweke om haar besigheid te help groei</li> </ul>	<b>Bedreigings:</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>•</li> </ul>

(2 x 2)

(4)

- 7.2.2 Maak 'n voorstel oor hoe Sjef Jazzi haar haar swakpunte kan verander in sterkpunte.

(2)

- 7.2.3 Kies die regte woord tussen hakies:

Chef Jazzi sal graag haar eie restaurant wil hê of werk as 'n reisende sjef. Hierdie doelwit kan geklassifiseer word as 'n (langtermyn/ korttermyn) doelwit.

(1)

**[13]****TOTAAL AFDELING C: 30****TOTAAL: 80**